

KOERSVAS

Jaargang 6 Uitgawe 122 20 Oktober 2017

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Berigte en Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Welkom huis?

Jare gelede het die stadsraad van Empangeni debat gevoer oor die oprig van 'n verwelkomingsbord by die ingang van die dorp. Die destydse burgemeester was nie gekant teen die oprig van die verwelkoming nie. Hy het net daarop aangedring dat die kennisgewing eie aan die gemeenskap, eenvoudig, netjies, volhoubaar en werklik verwelkomend moet wees. Besoekers moet nie net die eerste paar maande welkom voel nie, maar elke keer, vir jare daarna. Die gebruik om mense welkom te laat voel deur dit wat die besoeker eerste sien, is eie aan die meeste dorpe, instansies en selfs kerke. Die uitdaging is om die eerste indruk van die besoeker 'n positiewe een te maak. Dit moet volhoubaar gedoen word, koste-effektief en so uitnodigend moontlik wees. Dit moet ook eie aan die gemeenskap wees op so 'n manier dat die besoeker dadelik voel hy weet iets van die mense daar.

Vele maatskappye en kerke het ook persone wat voor die gebou (of in die ingangsportaal) staan en mense verwelkom. Die instansies wat hierdie deins van die verwelkomingspersoon of -komitee ernstig opneem, maak seker dat die persoon netjies, vriendelik en behulpsaam is. Eerste



indrukke bly en 'n positiewe gevoel kan 'n lang en vriendelike verbintenis bewerkstellig.

Dit is met hierdie agtergrond in gedagte dat ek nou 'n klippie uit my reisskoen wil verwyder. Ek was bevoorreg genoeg om op reis te gaan deur Botswana, Namibië en terug huis toe. Dit het beteken dat ek ten minste deur drie grensposte moes gaan. Op sy beste is dit 'n senutergende belewenis. Al het jy niks om te verklaar nie, loer jy tog net gou weer om te verseker die paspoort is nog geldig. Jy lees die kennisgewings om jouself te vergewis van enige nuwe vereistes. Die slegste ervaring wat jy jou kan indink, is om in 'n vreemde land in die tronk te beland, of om toegang geweier te word om een of ander bizarre rede.

Braaf sit jy jou vriendelike gesig op en loop jou vas teen die brulpadda-brigade. Om die een of ander duistere rede is daar klaarblyklik 'n mislikheidskompetisie tussen die verskillende amptenare by die grenspos, by die meeste grensposte, ek wil amper sê gemeenste grensposte. Die een probeer meer ongeskik wees as die ander, dit is nou sodra hulle jou die guns doen om aan jou aandag te skenk.

Eers word met kollegas gepraat, na die rekenaarskerm getuur, die vlieg teen die dak verwens en dan word jy nader geblaf.

Moenie dink dat jou groet of jou vriendelike glimlag beantwoord gaan word nie. In kort monotoon monosillabes word die inligting uit jou gemartel. Jy voel skuldig; al is jy die soete onskuld vanself. Soos een man dit gestel het, hulle optrede is 'n bitter pil wat soos 'n waster op jou mangels gaan lê. Jou paspoortfoto lyk vreemd. Miskien is dit waarom hulle jou deesdae 'n glimlag verbied met die neem van jou paspoortfoto – om jou voor te berei vir die sombere ruimte waar lag en glimlag versmoor word deur selfvoldane magmagnate.

Dit maak die respekteerbare ontvangs wat ons by een amptenaar te beurt gevall het, soveel meer uitsonderlik. Ons is gegroet met die intrapslag. Nie vriendelik nie, maar hoflik en respektvol. "Welkom terug meneer." Ek het amper tuis gevoel. Is dit nie veronderstel om altyd so te wees nie?

Die paspoortbeheer is die besoeker en die reisiger se eerste en laaste venster op 'n eie of vreemde land. Eerste indrukke is van groot belang, laaste indrukke bly talm lank na die laaste besienswaardigheid se foto 'n stoflagie op het. Die persone wat in hierdie kantore werk kan 'n reis aangenaam maak, of daardie bitter nasmaak laat. Dit is so dat sommige reisigers swak maniere het. Dit is waar dat daar altyd mense sal wees wat iets wil smokkel. Dit is die taak van die mense by doeane en aksyns om die wet toe te pas. Dit is hulle taak om reisdokumente te kontroleer. Dit is alles waar. Ek het geen wroeging daaroor nie, ek hoop hulle doen al hierdie werk effektiief. My kwelling is met die manier waarop hulle dit doen. Hulle optrede bly reisigers by. Hulle kan jou onmiddellik tuis laat voel in die land. Hulle optrede kan maak dat jy weer sal kuier, meer sal kuier. 'n Hoflike of selfs vriendelike groet of verwelkoming laat die vermoeiende reis se

mantel van jou skouers val. Om reisigers te verwelkom, is om hierdie pragtige land aan hulle te bemark. Om mense wat op reis was vriendelik terug te verwelkom, is om lojaliteit aan te wakker. Johan Otto Oktober 2017

BERIGTE EN KENNISGEWINGS

BEROEPENUUS

Ds Faan Visser van Stilfontein het die beroep na Oostelike Pietersburg aanvaar. Hy word eersdaags daar bevestig.

DOOPNAWEEK

Dit is met oopregte dankbaarheid dat Hervormde Gemeente Oshakati op Sondag 17 September 2017, vir die tweede keer die sakrament van die doop kon bedien. Daarmee is die getal gedoopte lidmate in die gemeente met bykans 9% uitgebrei.



In die besonder is ons dankbaar dat Prof HG Van der Westhuizen en Tannie Joekie die lang pad na die Noorde van Namibië aangedurf het vir die geleentheid. Na drie dae op die pad en 'n vinnige draai deur die Etosha panne het hulle in Oshakati aangekom. En soos hulle ken, was hulle begeesterd, opgewonde en vol lewenskrag. Saterdagoggend is doopkategese in Prof HG – tradisie gehou. Die aand het al die lidmate sowel as familie en vriende

bymekaar gekom vir 'n heerlike braai en sommer net gesels. So saam met dit is die nuwe huis se dak natgemaak soos Prof dit gestel het.

Prof en mev van der Westhuizen



In Wamboland hou ons elke Sondag om half nege kerk - voor die son kans kry om dooierus te neem. Die erediens is geleei en die sakrament is deur Prof bedien met ouderling Pieter Greyling wat voorgelees het. So is Andries Petrus Greyling (vernoem na sy groot-vader aan moederskant) dan gedoopt tot vreugde en ook verantwoordelikheid van die doopouers, Willem en Loana, en die hele gemeente.

Trotse grootouers



Die geleentheid het egter ook 'n hartseer kant gehad. Hartseer is eintlik 'n verkeerde woord – dit was eerder 'n besonderse nederige diep treffende dankbaarheid. Dit is die laaste keer dat Prof 'n erediens sou lei. Na die erediens is daar op 'n gepaste wyse van Prof. en Tannie Joekie "afskied"

geneem. Die verrigtinge is afgesluit oudergewoonte met die genieting van verversings wat deur die Susters voorberei is. So tussen in is foto's geneem ter herinnering aan die geleentheid. 'n Paar daarvan word hierby aangeheg.

Maandag het die terugtog begin en het Prof en Tannie Joekie teen Woensdag veilig in Vryburg aangekom. Net betyds om weer die pad na Bloemfontein vir die troue te vat. As 'n klein gemeente wat maar in afsondering verkeer, is ons dankbaarheid groot teenoor ons predikante wat bereid is om die tog van meer as 2000km af te lê om ons te besoek, huisbesoek te doen, te preek en die sakramente te bedien. Ons besef terdeë dat vanweë ons sondige aard is gemeentes soos ons besonder vatbaar vir vreemde invloede en dwaalleer. Elke Sondag laai ons erediens van die GHG-webblad af wat ons dan deur die projektor op die groot skerm vertoon word. Ons neem deel aan die erediens, geklee in formele kerkdrag, asof die erediens hier by ons gehou word. Leesdienste vind gereeld plaas en op dae soos Hemelvaart (wat nog 'n vakansiedag by ons is) voorsien Ds. Oosthuizen vir ons die preek wat 'n ouderling dan tydens die erediens voorlees. In hierdie proses speel die besoekende predikante 'n besonderse rol. Ons kan maar net dankbaar wees.

Groete uit Oshakati
Loana Greyling

OORNAG FASILITEITE Villa Stoney B+B

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar
in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by
Villa Stoney
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

REFORMASIE 500

Tydens die afgelope Bondsvergadering, was melding gemaak dat Bondgemeentes in samewerking met ander kerke, hul kerkklokke sal lui op 31 Oktober 2017 om 07:00. Dit sal wyd en syd geskied en kerkklokke sal wêreldwyd beier.

Pretoria FM sal op 31 Oktober bydra tot die viering van die Reformasie se 500-jarige bestaan. Op die datum sal tydens die Oggend-oordenking 7-voor-7 om 06:59 die klokgelui vanaf die Gereformeerde Kerk Pretoria op die sender netwerk uitgesaai word. Kerke en gemeentes van Kaapstad tot Upington, van Pretoria tot Perth word genooi om daaraan deel te neem. Laat die klokke beier!

REFORMASIE 500 - BOEKMERK

Die GHG het ook besluit om 'n ekstra boekmerk te laat druk om die geleentheid te herdenk. Die boekmerkies is na gemeentes versend. Dit sal op Sondag 29 Oktober aan lidmate uitgedeel word.

LEWENS BROOD 2018

Lewensbrood 2018
Lieve lidmate en gemeentes
Dit is met groot dankbaarheid dat ons kan meld dat ons tot op datum 1191 bestellings ontvang het. LEWENS BROOD 2018 - 2019 is nou in die proses om gedruk te word. Sou dit wees dat daar iemand is wat nog bestellings wil plaas is daar 'n klein geleentheidsvenster oop.

Bestellings moet voor of op 23 Oktober 2017 geplaas word by Ella
ella@geloofsbond.org.za of
ella@teamworkprinters.com

- Dit gaan R 100 per eksemplaar kos.
- • Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoek vir nog eksemplare.

Die koste verbonde aan die herdruk van die boek is meer as dubbel (ongeveer R280-R320)

- U moet by bestelling reeds betaal vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENS BROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u **betalings te maak aan die GHG**.

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: GHG of Geloofsbond van Hervormde Gemeentes

Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)

Rekeningnommer: 6243 092 3088

Tak: Pretoria-Noord

Takkode: 250 655

- Dui duidelik aan dat die betaling vir Lewensbrood is verwysing LB2018. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die fooie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.
- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole-doeleindes.

ella@geloofsbond.org.za of
ella@teamworkprinters.com

Ons sien uit daarna om weer eersdaags 'n kwaliteit produk aan ons getroue lezers te stuur.

Dr Johan Otto

Voorsitter Mediakomitee.

Hervormde Kerk Meyerspark

Adam Tas vertoning – Hervormde Kerk Meyerspark

Datum: 10 November 2017
 Tyd: 19:00
 Plek: Havelockstraat 40, Wilgepark,
 Pretoria.
 Die kaartjies vir die vertoning is R100 per
 persoon.
 Kos stalletjies.
 Koffie, tee en koeldrank te koop.
 Navrae: hkm@geloofsbond.org.za
 071 889 2175 / 012 803 7528

GELOOFSBONDPREKE
 Maak seker u bly op hoogte van die nuutste
 preke en gesprekke. Daar is elke Sondag
 nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op
 die internet beskikbaar. Gaan na
<http://www.geloofsbond.org.za/>
 Daar is ook preke op whatsapp beskikbaar.
 Dit sluit in ds Hardie se preek tydens die
 GHG opening. Kontak Ella Joubert by
 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die
preek-whatsapp groep voeg.

VLEISFEES -KOSTER
 Geliewe kennis te neem van Hervormde
 kerk Koster se wonderlike basaar op
 Saterdag 4 November 2017. Sien jou daar!

GELOOFSBONDKWILT 3 (2018)
 Lootjie vorms is beskikbaar
 Kontak Ansie Steyn van Oostelike
 Pietersburg by 083 630 1107.

DRUKWERK
 Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

10 November 2017
19:00
Hervormde Kerk Meyerspark
Hoewe 15, Havelock Straat



R100 pp

Kos stalletjies
Koffie/tee &
koeldrank te koop

Kontak Marie:
012 803 7528
071 889 2175



PLATTELANDSE basaar

PAP EN KAIINGS | TUISGEBAK
KERRIE EN RYS | POEDINGS
SOSATIES | PANNEKOEK
VETKOEK | VERMAAK | PRET



Kaartfasiliteite
ook beskikbaar



Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899

HERVORMDE KERK KOSTER • Sauer straat • Koster • 0348

VLEIS PRYSE

WORS

Boerewors
R 70/kg



VARK

Ontbeende Varknek	R 75/kg
Vark tjops	R 60/kg
Vark nek/kook	R 45/kg
Vark boud	R 55/kg
Salami	R 65/kg

BEES

Mince (1kg)	R 60/kg
Biltong & Droewors	R 180/kg
Club steak	R 70/kg
T-Been	R 75/kg
Roast	R 75/kg
Bees Roll	R 70/kg
Murg Been	R 50/kg
Rumpsteak	R 85/kg
Fillet	R 90/kg
Chuck	R 55/kg
Stir Fry	R 70/kg
Goulash	R 70/kg
Brisket	R 50/kg
Sopbeen	R 50/kg
Kortrib	R 50/kg
Bees tonge	R 55/kg
Bees stert	R 70/kg
Bees niere	R 35/kg

LAM

Lam rib	R 75/kg
Lam tjops	R 85/kg
Lam nek	R 70/kg
Lam kook	R 65/kg
Lamboud	R 85/kg

HOENDER

Heel Hoender	R 45/kg
Flatties	R 60/kg



HERVORMDE
KERK
KOSTER
Sauer straat
Koster

Terwyl voorraad hou.
Kaartfasiliteite ook beskikbaar

Louis 082 851 6391 • Marie 082 703 8899